Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

STAATSKOERANT

GOVERNMENT GAZETTE

OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **70c** Local
Buitelands R1,00 Other countries
Posvry • Post free

VOL. 301 KAAPSTAD, 13 JULIE 1990
CAPE TOWN, 13 JULY 1990 No. 12641

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1621. 13 Julie 1990

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 119 van 1990: Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1621. 13 July 1990

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 119 of 1990: Agricultural Product Standards Act, 1990.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Wet No. 119, 1990 WET OP LANDBOUPRODUKSTANDAARDE, 1990

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Om voorsiening te maak vir beheer oor die verkoop en uitvoer van sekere landbouprodukte en ander verwante produkte; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 28 Junie 1990.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "advertensie", met betrekking tot 'n produk, enige skriftelike, geïllustreerde, visuele of ander beskrywende stof of mondelinge verklaring, mededeling, voorstelling of verwysing wat onder lede van die publiek versprei of andersins onder hul aandag gebring word, en wat bedoel is of heet bedoel te wees om die verkoop van 'n produk te bevorder of die gebruik daarvan aan te moedig of andersins die aandag daarop te vestig; en het "adverteer" 'n ooreenstemmende betekenis; (i)

(ii) "appèlraad" 'n appèlraad ingevolge artikel 10 (1) aangestel; (ii)

(iii) "beampte" 'n beampte soos omskryf in artikel 1 van die Staatsdienswet, 1984 (Wet No. 111 van 1984), en ook 'n werknemer soos in artikel 1 van daardie Wet omskryf; (xi)

(iv) "departement" die Departement van Landbou; (v)

(v) "Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal: Landbou; (vi)

(vi) "gemagtigde" 'n persoon, onderneming, liggaam, instelling, vereniging of raad kragtens artikel 2 (3) as sodanig aangewys; (iii)

(vii) "hierdie Wet" ook die regulasies; (xvi)

(viii) "klas of graad", met betrekking tot 'n produk, 'n klas van daardie produk bepaal volgens die grootte, massa, maat, getal, afmetings, kleur, voorkoms, suiwerheid, of chemiese, fisiese of mikrobiologiese samestelling, of 'n ander kenmerk of eienskap van die betrokke produk, of 'n eenheid of hoeveelheid daarvan; (iv)

(ix) "Minister" die Minister van Landbou; (x)

(x) "onderskeidingsmerk" 'n onderskeidingsmerk kragtens artikel 5 (1) voorgeskryf; (vii)

(xi) "produk"—

(a) 'n handelsartikel van plantaardige of dierlike oorsprong, of geproduseer van 'n stof van plantaardige of dierlike oorsprong, en wat uitsluitlik of gedeeltelik uit sodanige stof bestaan; en

(b) 'n ander handelsartikel wat in algemene voorkoms, aanbieding en beoogde gebruik met 'n handelsartikel in paragraaf *(a)* bedoel, ooreenkom; (xiii)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To provide for control over the sale and export of certain agricultural products and other related products; and for matters connected therewith.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 28 June 1990.)

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "advertisement", in relation to a product, means any written, illustrated, visual or other descriptive matter or oral statement, communication, representation or reference which is distributed among members of the public or otherwise brought to their notice, and which is or purports to be intended to promote the sale of a product or to encourage the use thereof or otherwise to draw attention thereto; and "advertise" has a corresponding meaning; (i)

(ii) "appeal board" means an appeal board appointed in terms of section 10 (1); (ii)

(iii) "assignee" means a person, undertaking, body, institution, association or board designated as such under section 2 (3); (vi)

(iv) "class or grade", in relation to a product, means a class of that product determined according to the size, mass, measure, number, measurements, colour, appearance, purity, or chemical, physical or micro-biological composition, or another feature or characteristic, of the product concerned, or a unit or quantity thereof; (viii)

(v) "department" means the Department of Agriculture; (iv)

(vi) "Director-General" means the Director-General: Agriculture; (v)

(vii) "distinctive mark" means a distinctive mark prescribed under section 5 (1); (x)

(viii) "executive officer" means the officer designated under section 2 (1); (xiv)

(ix) "export" means export from the Republic by any means and for any purpose, and when used as a noun it shall have a corresponding meaning; (xiii)

(x) "Minister" means the Minister of Agriculture; (ix)

(xi) "officer" means an officer as defined in section 1 of the Public Service Act, 1984 (Act No. 111 of 1984), and includes an employee as defined in section 1 of that Act; (iii)

(xii) "prescribed" means prescribed by regulation; (xvi)

(xiii) "product" means—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(xii) "regulasie" 'n regulasie kragtens artikel 15 uitgevaardig; (xiv)

(xiii) "uitvoer", uit die Republiek uitvoer op enige wyse en vir enige doel, en het "uitvoer" wanneer dit as 'n selfstandige naamwoord gebruik word 'n ooreenstemmende betekenis; (ix)

(xiv) "uitvoerende beampte" die beampte kragtens artikel 2 (1) aangewys; (viii)

(xv) "verkoop" ook ooreenkom om te verkoop, of vir verkoop aanbied, adverteer, hou, uitstal, versend, vervoer, lewer of berei, of om te verruil of op enige wyse vir 'n teenprestasie van die hand te sit, en het "verkoop" wanneer dit as 'n selfstandige naamwoord gebruik word 'n ooreenstemmende betekenis; (xv)

(xvi) "voorgeskryf" by regulasie voorgeskryf. (xii)

Aanwysing van uitvoerende beampte en gemagtigdes

2. (1) Die Minister wys 'n beampte in diens van die departement as uitvoerende beampte aan, wat, onderworpe aan die beheer en opdragte van die Minister, die bevoegdhede uitoefen en die pligte verrig wat by of kragtens hierdie Wet aan die uitvoerende beampte verleen of opgedra word.

(2) *(a)* Die uitvoerende beampte kan, tensy uitdruklik anders bepaal, sodanige bevoegdheid of plig skriftelik aan 'n beampte onder sy beheer delegeer of oordra, of so 'n beampte skriftelik magtig of gelas om sodanige bevoegdheid of plig uit te oefen of te verrig.

(b) 'n Bevoegdheid uitgeoefen of plig verrig deur 'n ander beampte as die uitvoerende beampte word geag deur die uitvoerende beampte uitgeoefen of verrig te wees: Met dien verstande dat die uitvoerende beampte te eniger tyd enige beslissing of opdrag deur sodanige ander beampte geneem of gegee, kan wysig of intrek.

(3) *(a)* Die Minister kan vir die doeleindes van die toepassing van hierdie Wet of sekere bepalings daarvan, met betrekking tot 'n bepaalde produk, enige persoon, onderneming, liggaam, instelling, vereniging of raad wat 'n belang by of besondere kundigheid ten opsigte van die betrokke produk het, as 'n gemagtigde ten opsigte van daardie produk aanwys.

(b) 'n Gemagtigde aldus aangewys—

(i) moet, tensy uitdruklik anders bepaal en onderworpe aan die voorskrifte van die uitvoerende beampte, die bevoegdhede en pligte wat by of kragtens hierdie Wet aan die uitvoerende beampte verleen of opgedra is, met betrekking tot die produk in paragraaf *(a)* bedoel, uitoefen en verrig;

(ii) is, in die geval van 'n regspersoon, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet of by gebrek aan enige uitdruklike voorsiening te dien effekte, bevoeg om die bevoegdhede en pligte in subparagraaf (i) bedoel, uit te oefen en te verrig; en

(iii) het, tensy die Minister in 'n bepaalde geval anders gelas, geen verhaalsreg teenoor die Staat ten opsigte van enige koste aangegaan in verband met die uitoefening van sodanige bevoegdhede of die verrigting van sodanige pligte nie.

(c) Die hoof- uitvoerende amptenaar, voorsitter of ander persoon in beheer van sodanige gemagtigde wat nie 'n natuurlike persoon is nie—

(i) tree namens daardie gemagtigde op in die uitoefening van die betrokke bevoegdhede en die verrigting van die betrokke pligte; en

(ii) kan enige sodanige bevoegdheid of plig wat die betrokke gemagtigde by of kragtens hierdie Wet moet of kan uitoefen of verrig, skriftelik aan 'n werknemer van daardie gemagtigde delegeer of oordra, of so 'n werknemer skriftelik magtig of gelas om sodanige bevoegdheid of plig uit te oefen of te verrig.

(d) 'n Bevoegdheid uitgeoefen of plig verrig deur 'n werknemer in paragraaf *(c)* (ii) bedoel, word geag deur die hoof- uitvoerende amptenaar, voorsitter of ander persoon in beheer, na gelang van die geval, uitgeoefen of verrig te wees: Met dien verstande dat die hoof- uitvoerende amptenaar, voorsitter of ander persoon in beheer, na gelang van die geval, te eniger tyd enige beslissing of opdrag deur sodanige werknemer geneem of gegee, kan wysig of intrek.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(a) any commodity of vegetable or animal origin, or produced from a substance of vegetable or animal origin, and which consists wholly or partially of such substance; and

(b) any other commodity which in general appearance, presentation and intended use corresponds to a commodity referred to in paragraph *(a)*; (xi)

(xiv) "regulation" means a regulation made under section 15; (xii)

(xv) "sell" includes agree to sell, or offer, advertise, keep, expose, transmit, convey, deliver or prepare for sale, or to exchange or to dispose of in any way for any consideration; (xv)

(xvi) "this Act" includes the regulations. (vii)

Designation of executive officer and assignees

2. (1) The Minister shall designate an officer in the service of the department as executive officer, who shall, subject to the control and directions of the Minister, exercise the powers and perform the duties conferred upon or assigned to the executive officer by or under this Act.

(2) *(a)* The executive officer may, unless expressly provided otherwise, in writing delegate or transfer to any officer under his control any such power or duty, or in writing authorize or direct any such officer to exercise such power or perform such duty.

(b) A power exercised or duty performed by an officer other than the executive officer shall be deemed to have been exercised or performed by the executive officer: Provided that the executive officer may at any time amend or withdraw any decision made or order given by such other officer.

(3) *(a)* The Minister may, for the purposes of the application of this Act or certain provisions thereof, with regard to a particular product, designate any person, undertaking, body, institution, association or board having an interest in or particular knowledge in respect of the product concerned, as an assignee in respect of that product.

(b) An assignee thus designated shall—

(i) unless expressly provided otherwise and subject to the directions of the executive officer, exercise the powers and perform the duties that are conferred upon or assigned to the executive officer by or under this Act, with regard to the product referred to in paragraph *(a)*;

(ii) in the case of a juristic person, notwithstanding anything to the contrary contained in any other law or in the absence of any express provision to that effect, be competent to exercise the powers and perform the duties referred to in subparagraph (i); and

(iii) unless the Minister in a particular case otherwise directs, have no recourse against the State in respect of any expenses incurred in connection with the exercising of such powers or the performance of such duties.

(c) The chief executive official, chairman or other person in charge of such assignee who is not a natural person—

(i) shall act on behalf of that assignee in the exercise of the powers concerned and the performance of the duties concerned; and

(ii) may in writing delegate or transfer to an employee of that assignee any such power or duty which the assignee concerned shall or may exercise or perform by or under this Act, or in writing authorize or direct any such employee to exercise such power or perform such duty.

(d) A power exercised or duty performed by an employee referred to in paragraph *(c)* (ii), shall be deemed to have been exercised or performed by the chief executive official, chairman or other person in charge, as the case may be: Provided that the chief executive official, chairman or other person in charge, as the case may be, may at any time amend or withdraw any decision made or order given by such employee.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Beheer oor verkoop van produkte

3. (1) Die Minister kan—

(a) die verkoop van 'n voorgeskrewe produk verbied—

(i) tensy daardie produk volgens die voorgeskrewe klas of graad verkoop word;

(ii) tensy daardie produk aan die voorgeskrewe standaarde betreffende die gehalte daarvan, of 'n klas of graad daarvan, voldoen;

(iii) tensy die voorgeskrewe vereistes in verband met die verpakking, merk en etikettering van daardie produk nagekom is;

(iv) indien daardie produk 'n voorgeskrewe verbode stof bevat of nie 'n voorgeskrewe stof bevat nie; en

(v) tensy daardie produk op die voorgeskrewe wyse of met die voorgeskrewe besonderhede verpak, gemerk en geëtiketteer is;

(b) bepaal dat 'n verbod in paragraaf *(a)* bedoel, slegs van toepassing is op 'n voorgeskrewe kategorie persone of in 'n voorgeskrewe gebied, of 'n voorgeskrewe kategorie persone of 'n voorgeskrewe gebied van sodanige verbod uitsonder, of bepaal dat 'n verbod slegs van toepassing is onder sodanige ander voorgeskrewe omstandighede as wat die Minister nodig ag; en

(c) slegs die uitvoerende beampte magtig om iemand skriftelik, algeheel of gedeeltelik, op die voorwaardes wat die uitvoerende beampte nodig ag, van 'n verbod in paragraaf *(a)* bedoel, vry te stel, en die uitvoerende beampte kan sodanige vrystelling in die algemeen of ten opsigte van 'n bepaalde hoeveelheid van 'n produk verleen.

(2) *(a)* 'n Kennisgewing kragtens artikel 84 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet No. 59 van 1968), uitgereik, en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel van krag is, word geag 'n verbod in subartikel (1) *(a)* bedoel, te wees.

(b) 'n Regulasie uitgevaardig kragtens artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968, wat met 'n kennisgewing bedoel in artikel 84 van daardie Wet verband hou, en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel van krag is, word geag 'n regulasie uitgevaardig kragtens artikel 15 van hierdie Wet te wees.

Beheer oor uitvoer van produkte

4. (1) Die Minister kan—

(a) die uitvoer van 'n voorgeskrewe produk uit die Republiek verbied tensy elke hoeveelheid van daardie produk wat vir uitvoer bestem is, deur die uitvoerende beampte vir dié doel goedgekeur is;

(b) bepaal dat 'n verbod in paragraaf *(a)* bedoel slegs van toepassing is op die uitvoer van 'n voorgeskrewe produk na 'n voorgeskrewe land of vir 'n voorgeskrewe doel, of in 'n voorgeskrewe vorm of hoeveelheid, of kragtens sodanige ander voorgeskrewe omstandighede as wat die Minister nodig ag; en

(c) die uitvoer van 'n voorgeskrewe produk na 'n voorgeskrewe land of vir 'n voorgeskrewe doel, of in 'n voorgeskrewe vorm of hoeveelheid, van 'n verbod in paragraaf *(a)* bedoel, uitsonder.

(2) 'n Aansoek om 'n goedkeuring in subartikel (1) bedoel, word op die voorgeskrewe wyse gedoen, en die voorgeskrewe gelde is, op die voorgeskrewe wyse en tyd, ten opsigte van sodanige aansoek betaalbaar.

(3) *(a)* 'n Hoeveelheid van 'n produk word slegs vir uitvoer kragtens subartikel (1) goedgekeur—

(i) onderworpe aan die voorwaardes deur die uitvoerende beampte in die goedkeuring uiteengesit; en

(ii) indien daardie hoeveelheid van die produk aan die standaarde betreffende die gehalte van die produk, en aan die vereistes betreffende die verpakking, merk en etikettering van die produk, wat slegs deur die uitvoerende beampte vir die betrokke produk vasgestel is, voldoen.

(b) Besonderhede van die standaarde en vereistes in paragraaf *(a)* (ii) bedoel—

(i) is kosteloos ter insae beskikbaar slegs by die kantoor van die uitvoerende beampte en, indien hy dit nodig ag, by enige ander kantoor deur hom bepaal; en

(ii) is slegs van die uitvoerende beampte verkrygbaar teen betaling van die toepaslike bedrag deur hom bepaal.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Control over sale of products

3. (1) The Minister may—

(a) prohibit the sale of a prescribed product—

(i) unless that product is sold according to the prescribed class or grade;

(ii) unless that product complies with the prescribed standards regarding the quality thereof, or a class or grade thereof;

(iii) unless the prescribed requirements in connection with the packing, marking and labelling of that product are complied with;

(iv) if that product contains a prescribed prohibited substance or does not contain a prescribed substance; and

(v) unless that product is packed, marked and labelled in the prescribed manner or with the prescribed particulars;

(b) determine that a prohibition referred to in paragraph *(a)* shall apply only to a prescribed category of persons or in a prescribed area, or exclude a prescribed category of persons or a prescribed area from such prohibition, or determine that a prohibition shall only apply under such other prescribed circumstances as the Minister deems necessary; and

(c) authorize only the executive officer to exempt any person in writing, either entirely or partially, on the conditions which the executive officer deems necessary, from a prohibition referred to in paragraph *(a)*, and the executive officer may grant such exemption either in general or in respect of a particular quantity of a product.

(2) *(a)* A notice issued under section 84 of the Marketing Act, 1968 (Act No. 59 of 1968), and in force immediately prior to the commencement of this section, shall be deemed to be a prohibition referred to in subsection (1) *(a)*.

(b) A regulation made under section 89 of the Marketing Act, 1968, which is connected with a notice referred to in section 84 of that Act, and in force immediately prior to the commencement of this section, shall be deemed to be a regulation made under section 15 of this Act.

Control over export of products

4. (1) The Minister may—

(a) prohibit the export from the Republic of a prescribed product unless each quantity of that product, intended for export, has been approved by the executive officer for that purpose;

(b) determine that a prohibition referred to in paragraph *(a)* shall only apply to the export of a prescribed product to a prescribed country or for a prescribed purpose, or in a prescribed form or quantity, or under such other prescribed circumstances as the Minister deems necessary; and

(c) exclude the export of a prescribed product to a prescribed country or for a prescribed purpose, or in a prescribed form or quantity, from a prohibition referred to in paragraph *(a)*.

(2) An application for an approval referred to in subsection (1) shall be made in the prescribed manner, and the prescribed fees shall be payable, in the prescribed manner and at the prescribed time, in respect of such application.

(3) *(a)* A quantity of a product shall only be approved for export under subsection (1)—

(i) subject to the conditions specified by the executive officer in the approval; and

(ii) if that quantity of the product complies with the standards regarding the quality of the product, and with the requirements regarding the packing, marking and labelling of the product, stipulated only by the executive officer for the product concerned.

(b) Particulars of the standards and requirements referred to in paragraph *(a)* (ii)—

(i) shall be available free of charge for inspection only at the office of the executive officer and, if he deems it necessary, at any other office determined by him; and

(ii) shall only be obtainable from the executive officer on payment of the applicable amount determined by him.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(c) Die standaarde en vereistes in paragraaf *(a)* (ii) bedoel, of enige wysiging daarvan, tree in werking op 'n datum sewe dae nadat die uitvoerende beampte kennis in die *Staatskoerant* van die vasstelling of wysiging daarvan, na gelang van die geval, gegee het.

(4) Ondanks die bepalings van subartikel (3) *(a)* kan die uitvoerende beampte afwyk van die standaarde en vereistes kragtens daardie subartikel vasgestel en die goedkeuring in subartikel (1) bedoel, uitreik ten opsigte van 'n hoeveelheid van 'n produk wat—

(a) as 'n proefneming of kragtens sodanige ander spesiale omstandighede as wat die uitvoerende beampte in die betrokke geval goedkeur, uitgevoer staan te word; en

(b) voldoen aan die vereistes vir sodanige produk wat van krag is in die land waarheen dit vir verkoop uitgevoer staan te word.

Onderskeidingsmerke

5. (1) Die Minister kan 'n onderskeidingsmerk voorskryf vir gebruik in verband met die verkoop van 'n produk in artikel 3 (1) *(a)* bedoel, of 'n bepaalde klas of graad van sodanige produk, ten einde die korrektheid van die aanduiding van die betrokke klas of graad te sertifiseer.

(2) Niemand mag in verband met die verkoop van 'n produk, of 'n klas of graad van daardie produk, 'n onderskeidingsmerk, of 'n naam, woord, uitdrukking, verwysing, besonderhede of aanduiding wat die indruk skep of kan skep dat dit 'n onderskeidingsmerk is, gebruik nie, tensy—

(a) dit 'n onderskeidingsmerk is wat deur die Minister ingevolge subartikel (1) voorgeskryf is;

(b) sodanige produk, of sodanige klas of graad van daardie produk, aan die voorskrifte wat ingevolge artikel 3 (1) *(a)* vir die verkoop van die betrokke produk voorgeskryf is, voldoen; en

(c) daardie persoon skriftelik deur die uitvoerende beampte gemagtig is om die betrokke onderskeidingsmerk in verband met die verkoop van sy produk, of 'n klas of graad van daardie produk, na gelang van die geval, te gebruik.

(3) 'n Aansoek om 'n magtiging in subartikel (2) *(c)* bedoel, word op die voorgeskrewe wyse gedoen, en die Minister kan, indien hy dit in die geval van 'n produk of 'n klas of graad daarvan nodig ag, die gelde voorskryf wat ten opsigte van sodanige aansoek betaalbaar is: Met dien verstande dat die Minister verskillende bedrae ten opsigte van die onderskeie produkte, of klasse of grade van daardie produkte, kan voorskryf.

(4) Behoudens die bepalings van subartikel (2) *(b)* reik die uitvoerende beampte 'n magtiging in subartikel (2) *(c)* bedoel, uit onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal en in die magtiging uiteensit.

(5) Iemand aan wie 'n magtiging in subartikel (2) *(c)* bedoel, verleen is, en ten opsigte van wie gelde ingevolge subartikel (3) voorgeskryf is, betaal die voorgeskrewe gelde binne die voorgeskrewe tydperk ten einde die magtiging vir die gebruik van die betrokke onderskeidingsmerk in stand te hou.

(6) 'n Magtiging in subartikel (2) *(c)* bedoel—

(a) verval indien die houer daarvan versuim om die gelde in subartikel (5) bedoel, te betaal; en

(b) kan deur die uitvoerende beampte ingetrek word indien hy oortuig is dat die houer daarvan weier of versuim om te voldoen aan die voorskrifte in subartikel (2) *(b)* bedoel, of dat die voorwaardes in subartikel (4) bedoel, nie nagekom word nie.

Verbod op valse of misleidende beskrywings vir produkte

6. Niemand mag enige naam, woord, uitdrukking, verwysing, besonderhede of aanduiding op enige wyse, hetsy alleenstaande of in samehang met enige ander mondelinge, skriftelike, gedrukte, geïllustreerde of visuele materiaal, in verband met die verkoop van 'n produk gebruik nie op 'n wyse wat 'n valse of misleidende indruk aangaande die aard, wese, gehalte of ander eienskappe, of die klas of graad, oorsprong, identiteit, of wyse of plek van produksie, van daardie produk, weergee of skep of waarskynlik sal weergee of skep.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(c) The standards and requirements referred to in paragraph *(a)* (ii), or any amendment thereof, shall come into operation on a date seven days after notice of the stipulation or amendment thereof, as the case may be, has been given by the executive officer in the *Gazette*.

(4) Notwithstanding the provisions of subsection (3) *(a)*, the executive officer may deviate from the standards and requirements stipulated under that subsection and issue the approval referred to in subsection (1) in respect of a quantity of a product that—

(a) is to be exported as an experiment or under such other special circumstances as may be approved by the executive officer in the case concerned; and

(b) complies with the requirements for such product in force in the country to which it is to be exported.

Distinctive marks

5. (1) The Minister may prescribe a distinctive mark for use in connection with the sale of a product referred to in section 3 (1) *(a)*, or a particular class or grade of such product, so as to certify the correctness of the indication of the class or grade concerned.

(2) No person shall in connection with the sale of a product, or a class or grade of that product, use a distinctive mark, or any name, word, expression, reference, particulars or indication which creates or is likely to create the impression that it is a distinctive mark, unless—

(a) it is a distinctive mark prescribed by the Minister in terms of subsection (1);

(b) such product, or such class or grade of that product, complies with the requirements prescribed in terms of section 3 (1) *(a)* for the sale of the product concerned; and

(c) that person has been authorized in writing by the executive officer to use the distinctive mark concerned in connection with the sale of his product, or a class or grade of that product, as the case may be.

(3) An application for an authorization referred to in subsection (2) *(c)* shall be made in the prescribed manner, and the Minister may, if he deems it necessary in the case of a product, or a class or grade thereof, prescribe the fees payable in respect of such application: Provided that the Minister may prescribe different amounts in respect of the distinctive products, or classes or grades of those products.

(4) Subject to the provisions of subsection (2) *(b)*, the executive officer shall issue an authority referred to in subsection (2) *(c)* subject to such conditions as he may determine and specify in the authorization.

(5) A person to whom an authority referred to in subsection (2) *(c)* has been issued, and in respect of whom fees have been prescribed in terms of subsection (3), shall pay the prescribed fees within the prescribed period in order to maintain the authorization for the use of the distinctive mark concerned.

(6) An authority referred to in subsection (2) *(c)*—

(a) shall lapse if the holder thereof fails to pay the fees referred to in subsection (5); and

(b) may be withdrawn by the executive officer if he is satisfied that the holder thereof refuses or fails to comply with the requirements referred to in subsection (2) *(b)* or that the conditions referred to in subsection (4) are not being complied with.

Prohibition of false or misleading descriptions for products

6. No person shall use any name, word, expression, reference, particulars or indication in any manner, either by itself or in conjunction with any other verbal, written, printed, illustrated or visual material, in connection with the sale of a product in a manner that conveys or creates or is likely to convey or create a false or misleading impression as to the nature, substance, quality or other properties, or the class or grade, origin, identity, or manner or place of production, of that product.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Betredings-, ondersoek- en monsternemingsbevoegdhede

7. (1) *(a)* Die uitvoerende beampte of 'n ander beampte in artikel 2 (2) *(a)* bedoel wat kragtens 'n delegasie of magtiging van die uitvoerende beampte optree, kan, wanneer hy dit nodig ag by die uitoefening of verrigting deur hom van enige bevoegdheid of plig wat aan die uitvoerende beampte by of kragtens hierdie Wet verleen of opgedra is, te eniger redelike tyd, sonder voorafgaande kennisgewing, enige plek, perseel of vervoermiddel betree.

(b) Die bepalings van paragraaf *(a)* is, vir sover dit betrekking het op die uitoefening van 'n bevoegdheid of die verrigting van 'n plig met betrekking tot 'n produk ten opsigte waarvan 'n gemagtigde ingevolge artikel 2 (3) *(a)* aangewys is, *mutatis mutandis* van toepassing op die gemagtigde, of hoof-uitvoerende amptenaar, voorsitter of ander persoon in beheer van daardie gemagtigde, of 'n werknemer in artikel 2 (3) *(c)* (ii) bedoel wat kragtens 'n delegasie of magtiging van daardie gemagtigde, of hoof- uitvoerende amptenaar, voorsitter of ander persoon in beheer, na gelang van die geval, optree.

(c) Iemand wat 'n plek, perseel of vervoermiddel ingevolge hierdie subartikel betree, moet bewys van sy identiteit en magtiging toon wanneer hy deur die persoon in beheer van die betrokke plek, perseel of vervoermiddel daartoe versoek word.

(2) Iemand wat 'n plek, perseel of vervoermiddel betree ingevolge die bevoegdheid kragtens subartikel (1) verleen, kan—

(a) 'n hoeveelheid van 'n produk waarop hierdie Wet van toepassing is en wat in of op daardie plek, perseel of vervoermiddel gevind word, ooreenkomstig die voorgeskrewe vereistes klassifiseer, gradeer, verpak en merk, of die eienaar of persoon in beheer van daardie plek, perseel of vervoermiddel gelas om sodanige hoeveelheid aldus te klassifiseer, gradeer, verpak of merk;

(b) enige hoeveelheid van 'n produk, of enige materiaal, stof of ander artikel wat gebruik word of na vermoede gebruik word by of in verband met die produksie, verwerking, behandeling, bereiding, klassifisering, gradering, verpakking, merk, etikettering, hou, verwydering, vervoer, uitstalling of verkoop van sodanige produk, ondersoek of toets of laat ondersoek of toets;

(c) die werksaamhede of prosesse in verband met enige handeling in paragraaf *(b)* bedoel, ondersoek, en van die eienaar van die betrokke produk, materiaal, stof of ander artikel, of van die persoon wat dit in sy bewaring het, of wat oor sodanige werksaamhede of prosesse toesig hou, inligting of 'n verduideliking betreffende die betrokke werksaamheid, proses, produk, materiaal, stof of ander artikel eis: Met dien verstande dat sodanige inligting of verduideliking slegs as getuienis in 'n geregshof teen daardie eienaar of persoon toelaatbaar is op 'n aanklag in artikel 11 (1) *(e)* bedoel;

(d) die monsters van die betrokke produk, materiaal, stof of ander artikel neem wat hy nodig ag, en vir dié doel enige houer oopmaak waarin daardie produk, materiaal, stof of ander artikel bevat is en van die eienaar of persoon wat daardie produk, materiaal, stof of ander artikel onder sy bewaring het redelike bystand vereis;

(e) enige boek of stuk ten opsigte waarvan hy op redelike gronde vermoed dat dit op sodanige produk, materiaal, stof of ander artikel betrekking het, nagaan en afskrifte daarvan of uittreksels daaruit maak, ongeag of dit op of by die betrokke plek, perseel of vervoermiddel of by 'n ander plek gehou word, en van die eienaar van daardie boek of stuk of van die persoon wat dit in sy bewaring het, 'n verduideliking betreffende enige aantekening of inskrywing daarin eis: Met dien verstande dat sodanige verduideliking slegs as getuienis in 'n geregshof teen daardie eienaar of persoon toelaatbaar is op 'n aanklag in artikel 11 (1) *(e)* bedoel;

(f) indien hy van oordeel is—

(i) dat die klas of graad van 'n produk foutief op die produk of 'n houer van die produk aangedui word; of

(ii) dat 'n onderskeidingsmerk of 'n voorstelling wat voorgee 'n onderskeidingsmerk te wees, in stryd met die bepalings van artikel 5 op die produk of 'n houer van die produk aangedui word,

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Powers of entry, investigation and sampling

7. (1) *(a)* The executive officer or any other officer referred to in section 2 (2) *(a)* acting under a delegation or authorization of the executive officer may, whenever he deems it necessary in the exercising or performing by him of any power or duty which is conferred upon or assigned to the executive officer by or under this Act, at any reasonable time, without prior notice, enter upon any place, premises or conveyance.

(b) The provisions of paragraph *(a)* shall, in so far as it relates to the exercising of a power or the performing of a duty with regard to a product in respect of which an assignee is designated in terms of section 2 (3) *(a)*, apply *mutatis mutandis* to the assignee, or chief executive official, chairman, or other person in charge of such assignee, or an employee referred to in section 2 (3) *(c)* (ii) acting under a delegation or authorization of that assignee, or chief executive official, chairman or other person in charge, as the case may be.

(c) A person who enters upon any place, premises or conveyance in terms of this subsection shall show proof of his identity and authority when requested thereto by the person in charge of the place, premises or conveyance concerned.

(2) A person entering upon a place, premises or conveyance in terms of the power conferred under subsection (1), may—

(a) classify, grade, pack or mark any quantity of a product to which this Act applies and which is found in or upon that place, premises or conveyance, in accordance with the prescribed requirements, or direct the owner or person in charge of that place, premises or conveyance to thus classify, grade, pack or mark such quantity;

(b) examine or test or cause to be examined or tested any quantity of a product, or any material, substance or other article which is used or is suspected to be used at or in connection with the production, processing, treatment, preparation, classification, grading, packing, marking, labelling, keeping, removal, transporting, exhibition or sale of such product;

(c) inspect the operations or processes in connection with any action referred to in paragraph *(b)*, and demand from the owner or custodian of the product, material, substance or other article concerned, or from the person supervising such operations or processes, any information or an explanation regarding the operation, process, product, material, substance or other article concerned: Provided that such information or explanation shall only be admissible as evidence in a court of law against such owner, custodian or person on a charge referred to in section 11 (1) *(e)*;

(d) take such samples of the product, material, substance or other article concerned as he may deem necessary, and for such purpose open any container in which that product, material, substance or other article is contained and require reasonable assistance from the owner or custodian of that product, material, substance or other article;

(e) examine and make copies of or take extracts from any book or document in respect of which he on reasonable grounds suspects that it relates to such product, material, substance or other article, irrespective of whether or not it is kept on or at the place, premises or conveyance concerned or at any other place, and demand from the owner or custodian of that book or document an explanation regarding any record or entry therein: Provided that such explanation shall only be admissible as evidence in a court of law against such owner or custodian on a charge referred to in section 11 (1) *(e)*;

(f) if he is of the opinion—

(i) that the class or grade of a product is indicated incorrectly on the product or a container of the product; or

(ii) that a distinctive mark or a representation purporting to be a distinctive mark is indicated on that product or a container of the product in contravention of the provisions of section 5,

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

genoemde aanduiding rojeer of die eienaar of persoon in beheer van die betrokke plek, perseel of vervoermiddel gelas om so 'n aanduiding te rojeer, en die bepalings van paragraaf *(a)* is *mutatis mutandis* van toepassing betreffende die herklassifisering, hergradering, herverpakking of hermerk van die betrokke produk;

(g) die helpers, toestelle, instrumente, gereedskap of ander goed wat hy vir die doeleindes van hierdie subartikel nodig ag, met hom saamneem; en

(h) enige handeling verrig of daardie stappe doen wat hy ingevolge hierdie Wet gemagtig of verplig is om te verrig of te doen, of wat hy nodig ag om te verrig of te doen ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bevorder.

(3) 'n Monster ingevolge subartikel (2) *(d)* geneem, word, so spoedig moontlik nadat dit geneem is, aan 'n persoon voorgelê wat bevoeg is om daardie monster te toets, te ondersoek of te ontleed.

(4) 'n Persoon in subartikel (1) bedoel, moet, ten opsigte van elke monster geneem, 'n bewys van monsterneming aan die persoon in beheer van daardie produk, op die versoek van sodanige persoon, uitreik.

(5) In die geval van optrede ingevolge subartikel (2) *(a)* of *(f)* deur 'n persoon in subartikel (1) *(a)* of *(b)* bedoel, betaal die eienaar van die betrokke produk die voorgeskrewe gelde vir sodanige optrede: Met dien verstande dat in die geval van optrede deur 'n persoon in subartikel (1) *(b)* bedoel sodanige gelde ten behoewe van die betrokke gemagtigde betaalbaar is, indien deur die Minister met instemming van die Minister van Finansies aldus bepaal.

Beslagleggings

8. (1) 'n Persoon in artikel 7 (1) bedoel, kan te eniger redelike tyd op enige wyse wat hy geskik ag, sonder voorafgaande kennisgewing aan enige persoon, beslag lê op die geheel, of op enige gedeelte of hoeveelheid, van 'n produk, materiaal, stof of ander artikel, of op enige boek of stuk, wat—

(a) betrokke is of op redelike gronde deur hom vermoed word betrokke te wees by die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf kragtens hierdie Wet;

(b) tot bewys kan strek van die pleging of vermeende pleging van so 'n misdryf; of

(c) wat bestem is of op redelike gronde deur hom vermoed word bestem te wees om by die pleging van so 'n misdryf gebruik te word.

(2) Die betrokke persoon kan enige hoeveelheid van 'n produk, materiaal, stof of ander artikel, of 'n boek of stuk, waarop aldus beslag gelê is, van die plek, perseel of vervoermiddel waar hy beslag daarop gelê het, verwyder of daarop laat en, indien hy dit nodig ag, enige identifikasiemerk of seël wat hy nodig ag, op sodanige produk, materiaal, stof of ander artikel, of die houer daarvan, of op sodanige boek of stuk, aanbring.

(3) *(a)* Die uitvoerende beampte of 'n beampte in artikel 2 (2) *(a)* bedoel, kan—

(i) magtiging verleen dat 'n produk, materiaal, stof of ander artikel waarop ingevolge subartikel (1) beslag gelê is, binne die tydperk en op die wyse in so 'n magtiging vermeld, behandel of mee gehandel mag word;

(ii) indien hy oortuig is dat die oorsaak vir die betrokke beslaglegging deur sodanige behandeling of handeling verwyder is, daardie produk, materiaal, stof of ander artikel teruggee aan die persoon van wie dit in beslag geneem is.

(b) Indien geen strafregtelike verrigtinge ingestel word in verband met 'n produk, materiaal, stof of ander artikel waarop ingevolge subartikel (1) beslag gelê is nie, of indien dit blyk dat sodanige produk, materiaal, stof of ander artikel nie by die verhoor vir die doeleindes van bewyslewering of 'n hofbevel nodig is nie, word daardie produk, materiaal, stof of ander artikel teruggegee aan die persoon van wie dit in beslag geneem is.

Geheimhouding

9. Niemand mag, behalwe vir die doeleindes van die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet, of vir die doeleindes van geregtelike verrigtinge kragtens hierdie Wet, of wanneer dit deur 'n bevoegde hof of kragtens 'n wet van hom vereis

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

cancel the said indication, or direct the owner or person in charge of the place, premises or conveyance concerned to cancel such indication, and the provisions of paragraph *(a)* shall apply *mutatis mutandis* regarding the reclassification, regrading, repacking or re-mark of the product concerned;

(g) take with him such assistants, appliances, instruments, tools or other things as he may deem necessary for the purposes of this subsection; and

(h) perform any act or take those steps which he is empowered or compelled to perform or to take in terms of this Act, or which he deems necessary to perform or to take in order to promote the objects of this Act.

(3) A sample taken in terms of subsection (2) *(d)* shall, as soon as possible after it has been taken, be submitted to a person who is competent to test, examine or analyse that sample.

(4) A person referred to in subsection (1) shall in respect of each sample taken, issue a receipt of sampling to the custodian of that product, at the request of such custodian.

(5) In the case of action in terms of subsection (2) *(a)* or *(f)* by a person referred to in subsection (1) *(a)* or *(b)*, the owner of the product concerned shall pay the prescribed fees for such action: Provided that in the case of action by a person referred to in subsection (1) *(b)* such fees shall be payable in favour of the assignee, if so determined by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance.

Seizures

8. (1) A person referred to in section 7 (1) may at any reasonable time and in any manner deemed fit by him, without prior notice to any person, seize the whole, or any part or quantity, of a product, material, substance or other article, or any book or document, that—

(a) is concerned or is on reasonable grounds believed by him to be concerned in the commission or suspected commission of any offence under this Act;

(b) may afford evidence of the commission or suspected commission of any such offence; or

(c) is intended or is on reasonable grounds suspected to be intended to be used in the commission of any such offence.

(2) The person concerned may remove any quantity of a product, material, substance or other article, or any book or document thus seized, from the place, premises or conveyance where he seized it, or leave it thereon and, if he deems it necessary, attach such identification mark or seal as he may deem necessary on such product, material, substance or other article or the container thereof, or on such book or document.

(3) *(a)* The executive officer or an officer referred to in section 2 (2) *(a)* may—

(i) grant authority that a product, material, substance or other article seized in terms of subsection (1), may within the period specified in such authorization, be treated or dealt with;

(ii) if he is satisfied that the cause for the seizure concerned has been removed by such treatment or action, return that product, material, substance or other article to the person from whom it was seized.

(b) If no criminal proceedings are instituted in connection with a product, material, substance or other article seized in terms of subsection (1), or if it appears that such product, material, substance or other article is not required at the trial for the purposes of evidence or an order of court, that product, material, substance or other article shall be returned to the person from whom it was seized.

Secrecy

9. No person shall, except for the purpose of the performance of his functions under this Act, or for the purpose of legal proceedings under this Act, or when required to do so by any competent court or under any law, or with the written

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

word, of met die skriftelike toestemming van die Minister, inligting wat deur hom by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet verkry is en wat op die besigheid of sake van 'n persoon betrekking het, aan iemand anders openbaar nie.

Appèlle

10. (1) Iemand wie se belange geraak word deur 'n beslissing of lasgewing van die uitvoerende beampte of 'n gemagtigde kragtens hierdie Wet, kan teen sodanige beslissing of lasgewing appelleer na 'n appèlraad wat vir die doeleindes van die betrokke appèl deur die Direkteur-generaal aangestel word.

(2) 'n Appèl in subartikel (1) bedoel, word binne die voorgeskrewe tydperk op die voorgeskrewe wyse aangeteken, en die voorgeskrewe gelde is ten opsigte van sodanige appèl betaalbaar.

(3) *(a)* 'n Appèlraad bestaan uit die persoon of persone wat, na die oordeel van die Direkteur-generaal, oor voldoende bekwaamheid beskik en wat andersins geskik is om oor die betrokke appèl te beslis.

(b) Indien 'n appèlraad bestaande uit meer as een persoon aangestel word, wys die Direkteur-generaal een van die lede as voorsitter van die betrokke appèlraad aan.

